**Agrinet stel Aanlyn Internetwinkel bekend**

As deel van die LandMark franchise ontwikkeling, het Agrinet ‘n aanlyn Internetwinkel bekendgestel. Die winkel kan besoek word by www.landmarkonline.co.za.

By die LandMark Aanlynwinkel kan klante vanuit die gerief van hul woning of kantoor, aankope direk vanuit Agrinet se pakhuise doen. Bestellings word binne 2 tot 8 dae afgelewer by die naaste LandMark tak of afhaalpunt. Bykans 150 sulke afhaalpunte is reeds landswyd beskikbaar.

Agrinet produkte wat op hierdie wyse gekoop kan word, sluit in ‘n omvattende reeks landboubenodigdhede, besproeiing-, buitelewe-, tuin-, huishoudelike produkte en gereedskap Meer as 15 000 items word in die volkleur Internet katalogus uitgebeeld. Die prys word by elke item getoon.

Gevorderde soekfunksies en volledige beskrywings met tegniese inligting en –spesifikasies, maak die proses gerieflik en eenvoudig.Voorraadbeskikbaarheid word onmiddellik nagegaan en vordering met elke bestelling kan deurlopend op die Internet gevolg word.

Transaksies word deur middel van ‘n kredietkaart betaal. Prosessering van sulke kredietkaart transaksies word volgens die hoogste veiligheid- en vertroulikheid standaarde gedoen.

‘n Paar goeie redes om die aanlynwinkel te besoek:

- Dit is ideaal vir boere en ander klante wat in spesifieke produkte of handelsmerke belangstel, maar wat nie plaaslik beskikbaar is nie.
- Dit is ook handig vir naweekboere wat voor vertrek na die plaas, wil seker maak die items is beskikbaar by die plaaslike landbouwinkel tak.
- Die katalogus van produkte is ook ‘n besonderse inligtingsbron met ‘n magdom produkinligting.
- Klante kan hier kyk wat beskikbaar is in die mark en met die takbesonderhede byderhand, die tak skakel en navraag doen.
- ‘n Inkopielys kan bygehou en wanneer gereed, in ‘n bestelling omskep word.

Besoekers aan die LandMark Aanlynwinkel kan verwag om verskeie bekende handelsmerke raak te loop. Tipiese produkte wat op hierdie wyse aangekoop word, is kampeerstoele, kamp yskaste, drukpompe, rugsakspuite, kragopwekkers, kraggereedskap en selfs kruidenierswaré! Ander gewilde items sluit in: baaltou, watersuiweraars, handgereedskap en tegniese besproeiingsprodukte.

Besoek www.landmarkonline.co.za of skakel die hulplyn by 012 657 2032.